



Compass Group Etiese Gedragskode

Acting responsibly in business
everyone
everyday
everywhere

Compass Group Etiese Gedragskode & VN Globale Verdrag

As werêldleier op ons gebied, moet ons die hoogste standaard stel vir die gehalte diens wat ons lewer en die professionele en etiese manier waarop ons, ons besigheid bedryf. Ons reputasie en toekomstige sukses hang hiervan af.

Die gedrag en optrede van elkeen van ons, elke dag, oral in die wêreld waar ons besigheid doen, kan hierop impak. Elke individuele werknemer van Compass Group deel die verantwoordelikheid om hierdie standaard te handhaaf en om ons besigheid te doen op 'n professionele, veilige, etiese en verantwoordelike wyse. Dit is sonder uitsondering en sonder kompromie.

Om elke werknemer hul rol te laat verstaan in die beskerming en bou van ons reputasie het ons die Compass Group Etiese Gedragskode ontwikkel. Hierdie Kode sit duidelik die standaard van gedrag uiteen wat ons van al ons mense verwag in die hantering van kollegas en diegene buite die maatskappy, soos kliënte, klante, verskaffers, aandeelhouers en ander belanghebbendes. Die Kode is ontwikkel met insette van regoor die besigheid, sleutel belanghebbendes soos die Compass Europese Werke Raad en in samewerking met die Instituut vir Sake-etiek. Die beginsels in hierdie Kode is implisiet deel van ons waardes.

Die Etiese Gedragskode weerspieël ons sosiale-, etiese- en omgewingsverpligtinge en stuur 'n kragtige boodskap aan al die belanghebbendes van Compass Group se verbintenis tot verantwoordelike besigheidspraktyk. Om hierdie verder te bevestig, is ons 'n ondertekenaar van die Verenigde Nasies se Globale Verdrag. Dit is 'n VN-inisiatief om maatskappye aan te moedig vir hul verbintenis tot menseregte, arbeidstandaarde, omgewings-verantwoordelike en anti-korrupsie wat deel gemaak moet word van die besigheidsagenda om sodoende 'n mededingende voordeel te handhaaf.

Die 10 Beginsels van die VN se Globale Verdrag is 'n integrale deel van ons eie besigheidsbeginsels. Dit voeg nuwe dimensies tot verantwoordelike sakepraktyk deur die skep van 'n platform wat gebaseer is op algemeen aanvaarde beginsels, innoverende inisiatiewe en vennootskappe binne die gemeenskappe waar ons werk, asook met ander organisasies.

Die Etiese Gedragskode moet nie gesien word as bloot 'n stel woorde in 'n dokument nie, maar as die beginsels waarvolgens ons moet dink, optree en handel. Dit moet dien as getuienis in ons daaglikse werk. Hierdie is noodsaaklik in die bou en beskerming van ons reputasie om te verseker dat mense trots voel om by Compass Group te werk, kliënte gerus voel om met die maatskappy besigheid te doen en beleggers graag daarin wil belê.

1. Verhoudinge met ons werknemers

As 'n maatskappy wat dienste verskaf, is ons mense die sleutel tot die sukses van ons besigheid. Ons respekteer en waardeer die individualiteit en diversiteit wat elke werknemer tot die besigheid toevoeg en ons poog om 'n positiewe en oop werksomgewing te skep ongeag waar ons werksaam is.

- Ons baseer ons verhoudings met ons werknemers op respek vir die waardigheid van die individu en billike behandeling vir almal.
- Ons doelwit is om werknemers te werf en te bevorder op grond van hul geskiktheid vir die werk, sonder diskriminasie.
- Ons streef na doeltreffende kommunikasie met al ons mense om hul in staat te stel om hul werk doeltreffend te verrig. Dit sluit die aanmoediging en ondersteuning van ons werknemers in om toepaslike vaardighede te ontwikkel wat hul loopbane sal bevorder.
- Ons plaas die hoogste prioriteit op die gesondheid en veiligheid van ons werknemers asook die veiligheid van hul werksomgewing.
- Ons duld nie enige vorm van diskriminasie of seksuele-, liggaamlike-, geestelike- of ander teistering van enige aard teenoor ons werknemers nie, hetsy ons eie werknemers of ander.
- Ons bedryf 'n billike en regverdige vergoedingsbeleid.
- Ons verwag van enige werknemer om 'n potensiële konflik van belange te openbaar teenoor hul direkte bestuurder.
- Ons werk in 'n omgewing van vertrouwe en dus duld ons geen bedrieglike of oneerlike gedrag van ons mense óf binne die Groep óf in die hantering van ander belanghebbendes nie.

2. Verhoudinge met ons klante en kliënte

Ons is passievol oor die lewering van uitstaande gehalte, diens en keuse aan ons klante en kliënte; ons reputasie en die lojaliteit van ons klante en kliënte hang daarvan af.

- Die gehalte en veiligheid van die voedsel en dienste wat ons verskaf, en van ons produkte en prosesse, is uiters belangrik en ons moet waak teen die blootstelling daarvan.
- Ons streef daarna om 'n hoë vlak van klante- en kliëntediens te alle tye te lewer. Alle terugvoer oor ons diens word aangeteken en stiptelik oorweeg.
- Alle klante en kliënte se inligting word as vertroulik hanteer.
- Ons gee nooit doelbewus onvoldoende of misleidend beskrywings van ons produkte of dienste nie.
- Geen werknemer mag ontvang of aanbied – of iemand anders beïnvloed om te ontvang of aan te bied – enige geld of wesenlike geskenk wat as omkoopgeld of omkoopgeskenk vertolk kan word nie.

3. Verhoudinge met ons beleggers

Die maatskappy se sukses in die mark is gebou op vertroue en die vertroue van diegene wat in ons belê - ons is toegewyd aan die beskerming van hul langtermynbelange.

- Ons doel is 'n aantreklike opbrengskoers op 'n langtermynbasis, deur die verantwoordelike gebruik van bates wat aan ons toevertrou is.
- Ons is verbind tot 'n hoë standaard van korporatiewebestuur en aanspreeklikheid.
- Ons rekeningkundige state sal korrek, betyds, volledig en wesenlik wees in 'n maklike verstaanbare formaat.

4. Verhoudinge met ons verskaffers en subkontrakteurs

Ons beoog om wedersyds voordelige verhoudings te bou met al ons verskaffers en hulle aan te moedig om ons hoë standarde na te volg ten opsigte van gehalte, voedselveiligheid, werksomstandighede, opleidingspraktyke, gesondheid- en veiligheid en omgewingsbeskerming.

- Ons behandel ons verskaffers en subkontrakteurs eerlik en regverdig.
- Geen werknemer mag ontvang of aanbied - of iemand anders beïnvloed om te ontvang of aan te bied – enige geld of wesenlike geskenk wat as omkoperij of onbehoorlike beïnvloeding vertolk kan word nie.
- Ons poog om te verseker dat ons nie direk of indirek uitgebuit word deur versoeke om fasilitering betalings te maak nie.
- Alle inligting rakende die maatskappy se verskaffers moet as vertroulik hanteer word.
- Ons doen nie besigheid met maatskappye wat die wet oortree of Compass Group se reputasie in gevaar stel nie.

5. Verhoudinge met die Staat en die wyer gemeenskap

Sukses in besigheid is afhanklik van die nakoming van wetlike beperkinge, tesame met sensitiwiteit ten opsigte van plaaslike kulture en konvensies wat besigheidsverhoudings reguleer. Die gemeenskappe waarin ons werksaam is (en waarvan ons, ons werknemers werf) is belangrik vir ons.

- Ons verbind ons tot 'n positiewe bydrae in die lewering van volhoubare ontwikkeling in die gemeenskappe waarin ons werksaam is.
- Ons hou rekening met die belange van die breër gemeenskap - insluitende nasionale en plaaslike belange - in al ons bedrywighede. Ons gebruik ons kundigheid om by te dra tot die welstand van die gemeenskap op 'n wyse wat gepas is vir ons maatskappy se doelwitte.
- Ons poog om te verseker dat ons nie uitgebuit word vir die doel van geldwassery, dwelmhandel of belastingontduiking nie.
- Ons ondersteun die regte van mense, soos uiteengesit in die Verenigde Nasies se Handves van Menseregte. Ons skenk noukeurige oorweging daaraan om besigheid te doen in lande wat nie die VN-verklaring onderskryf nie.
- Ons maak nie donasies aan politieke partye of kandidate nie.
- Ons respekteer die reg, tradisies en kulture van die lande waarin ons bedrywig is. Wanneer daar 'n skynbare teenstrydigheid is tussen die plaaslike gebruike en die beginsels en waardes soos uiteengesit in hierdie Gedragskode, moet werknemers wat namens ons optree, deur hierdie Gedragskode gelei word.
- Ons is daartoe verbind om ons besigheid te doen op 'n manier wat so omgewingsvriendelik as moontlik is. Die Groep se Omgewingsbeleid en Riglyne sluit standarde in vir die vermindering van afval en herwinning, asook die bewaring van water en energie.

6. Implementering en nakoming

Ons is verbind tot die skepping van 'n omgewing waarin mense kan doen en optree op die regte manier.

Ons verwag dat werknemers enige aangeleentheid teenoor hul lynbestuurders sal opper, of indien hul ongemaklik voel om dit te doen, die volgende gesagslyn of eksterne rapporteringslyn lyn te volg. Dit sluit in enige probleme wat hulle mag hê of oor kennis dra van enige ernstige oortreding of gedrag wat nie tot strekking van die letter en gees van ons waardes of Etiese Gedragskode is nie.

Voldoening aan ons Etiese Gedragskode is 'n voorwaarde vir voortgesette diens aan die maatskappy.

Ek,(voeg naam in) bevestig dat ek die Compass Group Etiese Gedragskode gelees het en dit verstaan en onderneem om dié Gedragskode te onderhou.

.....
(geteken)

.....
(datum)

Globale Verdrag



Menseregte

- Beginnel 1: Besighede moet die beskerming van internasionaal geproklameerde menseregte binne hul sfeer van invloed ondersteun en beskerm.
- Beginnel 2: Besighede moet seker maak dat hul eie bedrywighede nie aandadig is aan menseregteskendings nie.
- Beginnel 3: Besighede moet die vryheid van assosiasie en die effektiewe erkenning van die reg om kollektief te beding handhaaf.

Arbeid

- Beginnel 4: Besighede moet die uitskakeling van alle vorme van gedwonge en verpligte arbeid handhaaf.
- Beginnel 5: Besighede moet die effektiewe afskaffing van kinderarbeid handhaaf.
- Beginnel 6: Besighede moet diskriminasie ten opsigte van arbeid en beroep elimineer.

Omgewing

- Beginnel 7: Besighede moet 'n voorkomende benadering aan omgewinsuitdagings steun.
- Beginnel 8: Besighede moet inisiatiewe onderneem om groter verantwoordelikheid vir die omgewing te bevorder.
- Beginnel 9: Besighede moet die ontwikkeling en verspreiding van omgewingsvriendelike tegnologie aanmoedig.

Korrupsie

- Beginnel 10: Besighede moet korrupsie in alle vorme teenwerk, insluitend afpersing en omkoperie.